Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 41 van 2022

09 Oktober 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Die regte keuse is nie die maklike keuse nie

Nadav Ben-Yehuda was 300 meter van die kruin van Everest af, toe hy afkom op ’n Turk, Aydin Irmak, wat bewusteloos was. Nadav was egter op die punt om die jongste Israeli te word om die kruin te bereik, maar toe maak hy die keuse om eerder vir Irmak te help. Hy het geweet dat as hy dit nie doen nie, sou Irmak sterf. Onder uiters moeilike omstandighede het Nadav hom toe teen die berg afgedra. Hierdie terugtog het meer as nege uur geduur. Nadav het groot skade aan sy vingers opgedoen, maar hy het Aydin, wat op daardie stadium ’n vreemdeling vir hom was, veilig van Everest af gekry.

Die lewe gebeur onbepland. Soms is jy op pad na die kruin van Everest, maar dan moet jy kies tussen roem en die keuse om iemand se lewe te red. Soms is jy op pad na ’n groot besigheidstransaksie, maar dan loop jy ’n gewonde langs die pad raak. Dan moet jy besluit of die hart van die Here in jou binneste gaan klop, of nie. Gaan jy dan, soos die Samaritaan van Lukas 10, die pad oorsteek en help? Of gaan jy verbystap? Mag die Here gee dat jy vandag die regte keuses maak.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Johan Kotzé
Ria Putter
Janine Vorster
Maria Steyn
Sampie Swart
Hanna Pienaar
Marné Holtzhausen
Oom Eberhard Carshagen
Suzelle Barkhuizen
Tannie Bets Coetzee
Oom Hannes Stoltz
Annika Kilian
Lilian van Zyl
Lucinda Graaff
Martie van Staden
Susan van Zyl
Juan Strijdom
Gert Keulder
Louis Strauss
Ina van der Merwe
Jaap Naudé
Philip de Jager
Wally Fourie
Lettie Bezuidenhout
Corrie Botha
Jan-Harm Pretorius

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.